

Saaknommer 344/88

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
APPÉLAFDELING

In die saak tussen:

JAN LOUW

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: HOEXTER, BOTHA et EKSTEEN, ARR

VERHOOR: 22 November 1988

GELEWER: 1 Desember 1988

UITSpraak

HOEXTER, AR.....

HOEXTER, AR

Dit is 'n strafappél. In die Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling is die appellant, 'n 27-jarige manspersoon, deur 'n hof bestaande uit BURGER, R en twee assessore aan o a die misdade van strafbare manslag en verkragting skuldig bevind. Ten opsigte van eersgenoemde skuldigbevinding is die appellant 'n vonnis van tien jaar gevangenisstraf opgelê. Weens die verkragting is hy ter dood veroordeel. Op aansoek van die advokaat wat by die verhoor namens die appellant opgetree het, het die verhoorregter verlof om teen die doodvonnis te appelleer, verleen. Daarna is adv Wittenberg versoek om die appellant se appél pro Deo te behartig. In die afwesigheid van die verhoorregter (wat inmiddels afgetree het) het adv Wittenberg by 'n ander lid van die betrokke provinsiale regbank verder verlof verkry dat die appellant ook sowel teen die skuldigbevinding aan strafbare manslag as die vonnis van tien jaar.....

jaar gevangenisstraf mag appelleer. Vir die deeglike betoog wat hy namens die appellant gelewer het, is hierdie Hof die advokaat dank verskuldig.

Gedurende die voormiddag van 25 April 1987, en te Worcester, het die appellant deur die agterplaas van hul erf tot die woonhuis van die bejaarde egpaar Gouws toegang verkry. Of mnr Gouws toe tuis was, is onseker. Mev Gouws (na wie ek as "die klaagster" sal verwys) was egter binne in die huis. Die appellant het die klaagster kwaai aangerand en hy het haar ook verkrag. By die waarskynlike volgorde waarin die twee misdade gepleeg is asook die aard en omvang van die klaagster se beserings sal ek aanstons kom. Teen ongeveer 12h00 is die klaagster half-bewusteloos op die vloer van die bloedbevlekte badkamer gevind. Die klaagster is aanvanklik in die Eben Dönges Hospitaal te Worcester opgeneem. Haar toestand het aldaar geleidelik versleg en sy is op 27 April 1987 na

die.....

die Tygerberg Hospitaal oorgeplaas waar sy op 6 Mei 1987 aan haar beserings beswyk het.

Ten tyde van die klaagster se opname in die hospitaal te Worcester was dr G D le Roux die geneesheer aan diens by die ongevalle-afdeling. Volgens hierdie getuie was die klaagster -

"....erg aangerand en haar oë toegeswel en haar hele gesig was blou-pers. Sy het baie gekla van pyn en het onduidelik gepraat.....Sy het blou kneusmerke aan haar bors en skouers gehad."

Op 7 Mei 1987 het dr T.G Schwär, 'n geregtelike patoloog, 'n lykskouing op die klaagster uitgevoer. Dr Schwär het die oorsaak van dood as "hoofbesering met skoklongbeeld" aange-merk. Die skoklongbeeld het die patoloog in sy getuienis met veral bloedverlies en infeksie in verband gebring. Afgesien van die skoklongbeeld was dr Schwär se vernaamste bevindings (1) verskeie skedelfrakturte en in besonder een

(waarna.....

waarna verwys sal word as fraktuur "A") in die neusbruggebied en h ander (waarna verwys sal word as fraktuur "B") in die regter temporale gebied; en (2) veelvuldige en verspreide kneusings. Gemelde kneusings het o á op die volgende liggaamsdele voorgekom: (i) die regter oor en onderkaak; (ii) die ken; (iii) die linker mond; (iv) die linker oog; (v) die regter en linker skouers; (vi) die regter bo-arm; en (viii) die linker bo-arm en voorarm.

By sy verhoor het die appéllant onskuldig gepleit en in sy getuienis (wat die verhoorhof tereg as vals verwerp het) het die appellant ontken dat hy op die betrokke dag ooit naby die klaagster se huis was. Van die appellant se aanranding op en verkragting van die klaagster is geen ooggetuienis aangevoer nie. In die getuiebank het Schwär verduidelik dat frakture "A" en "B" nie met mekaar in verband gestaan het nie, en dat die veroorsaking daarvan twee

afsonderlike.....

afsonderlike toedienings van geweld met 'n stomp voorwerp sou geverg het. Dr Schwär het egter as 'n redelike moontlikheid toegegee dat die klaagster deur in die badkamer te val beide frakture "A" en "B" kon opgedoen het:-

".....sy kon byvoorbeeld vooroor geval het teen die wasbak en dan na die kant toe geval het en dan met haar regterkop teen die bad geval het."

Aan die hand van hierdie toegewing het die appellant se advokaat betoog dat die verhoorhof gefouteer het deur die appellant aan strafbare manslag skuldig te bevind; en dat die ietwat karige gegewens hoogstens 'n skuldigbevinding aan aanranding regverdig.

Met die oog op die moontlikheid dat die klaagster haar noodlottige hoofbeserings deur 'n val in die badkamer kon opgedoen het, het mnr Wittenberg die volgende twee submissies gemaak. In die veronderstelling dat die klaagster

SO.....

so geval het as gevolg van h harde stamp of stoot deur die appellant, aldus die eerste argument, was die opdoen van die noodlottige beserings nie h gevolg wat die appellant redelikerwys behoort te voorsien het nie. Daardie argument kan m i nie opgaan nie. Die klaagster was h ou dame van 73. Om deur die toediening van geweld, op watter wyse ookal, h bejaarde vrou neer te vel, is na my oordeel h handeling wat inherent die moontlikheid van lewensgevaarlike beserings vir die slagoffer inhou. Te meer is dit ~~die~~ geval waar die geweldpleging plaasvind binne h beknopte vertrek soos h badkamer wat h harde vloer het en wat toegerus is met muurmeublement (soos h bad en h wasbak) met veelkantige harde oppervlaktes.

Ten tweede het die appellant se advokaat in bedenking gegee dat die volgende sameloop van gebeure nie as redelike moontlikheid uitgeskakel kan word nie. Dit is aan die.....

die hand gedoen dat die appellant die klaagster dalk elders as in die badkamer te lyf gegaan het; dat die klaagster miskien daarin kon geslaag het om van hom los te ruk en om na die badkamer te ontvlug; en dat in haar angs en haas om haar aanvaller te ontwyk sy op die vloer van die badkamer kon gegly en geval het. Hierdie bespiegeling is vergesog en word na my mening glad nie deur die kernfeite van die saak uitgedra nie. Toe die klaagster na die aanval op haar in 'n beswyming op die vloer van die badkamer aangetref is, was die badkamer met bloed besmeer. Die getuienis bevat nie die geringste aanduiding van geweldpleging op die klaagster in enige ander vertrek in die huis nie. Die klaagster se beserings dui op die pleging van 'n volgehoue en wreedaardige aanranding. Selfs wanneer die noodlottige hoofbeserings buite rekening gelaat word, is die geheelbeeld van die orige letsels gruwelik. Volgens die geneeskundige getuienis.....

getuigenis het die appellant, die klaagster pimpel en pers geslaan. Hierdie feit word treffend tuisgebring deur die kleurfotos wat van die beserings aan die klaagster se gesig geneem is. Enige poging om die opdoen van die noodlottige hoofbeserings los te maak van wat klaarblyklik h_n deurlopende en aaneengeskakelde aanranding binne die badkamer was, moet na my mening as h_n onrealistiese verbeeldingsvlug verwerp word.

Na my oordeel is die skuldigbevinding aan strafbare manslag onaanvegbaar. Daar kan m_n ook nie aangevoer word dat die opgelegde vonnis van tien jaar gevangenisstraf buitensporig is nie. Die appellant dra die verwyte van h_n lafhartige en meedoellose aanval op h_n bejaarde en weerlose dame in haar eie huis.

Vervolgens moet die gepastheid van die doodvonnis weens die verkragting oorweeg word. In sy vonnis-uitspraak het die verhoorregter daarop gewys dat indien die appellant

die.....

die klaagster aangerand het met die oogmerk om haar te verkrag, dusdanige aanranding by straftoemeting t o v die verkragting verswarend teen die appellant sou inwerk. Met inagneming van al die feite van die geval het die verhoorhof heel tereg ten gunste van die appellant as redelike moontlikheid aanvaar dat die appellant om 'n ander rede die klaagster oorrompel het; en dat die gedagte om haar te verkrag op die ingewing van die oomblik by hom posgevat het eers nadat die klaagster as gevolg van die volgehoue aanranding haar bewussyn verloor het.

Die doodvonnis is in die uitoefening van die verhoorregter se diskresie opgelê. By vonnisoorweging in die onderhawige geval was 'n belangrike oorweging wat uiteraard na vore getree het die moontlikheid al dan nie van die appellant se rehabilitasie by oplegging van 'n ander straf as die doodstraf. Dit was die verhoorregter se plig om te

oorweeg:-

oorweeg:-

"...whether the discipline and training of a lengthy period of imprisonment might have reformative effects, so that the accused's continued existence would not be a real danger to society".

(per HOLMES, AR in S v Matthee 1971(3) SA 769(A) op 771C/D).

Die appellant se advokaat het aangevoer dat aan hierdie ondersoek die verhoorregter by vonnisoorweging blote lippediens bewys het, en dat die opgelegde vonnis op 'n miskenning van die appellant se hervormingsmoontlikheid neerkom. Uit hoofde van wat hieronder gesê word, is ek van mening dat die verhoorregter by strafoplegging sy diskresie wel op 'n onbehoorlike wyse uitgeoefen het; en dat hierdie Hof regtens verplig is om opnuut 'n eie straf-diskresie te laat geld. In sy vonnis-uitspraak het die verhoorregter m b t die verkragting o a die volgende opmerkings gemaak:-

"By oorweging van die toepaslike vonnis het die

Hof.....

Hof eerstens die ouderdom van die beskuldigde, die vaste werk en dat hy die vader van twee kinders en getroud is, in oorweging geneem. Tweedens, dat daar geen vorige veroordelings vir geweldsmisdade is nie. Derdens, die moontlike rehabilitasie. Die Hof het in dié verband ook in aanmerking geneem dat indien die Hof gevangenisstraf oplê, dit noodwendig sal meebring dat beskuldigde vir 'n lang tydperk in die gevangenis sal verkeer en aangesien hy tans reeds 27 jaar is, hy slegs op gevorderde leeftyd vrygelaat sou word."

In weerwil van bostaande verwysing na die aangeleentheid van moontlike hervorming het die verhoorregter dit egter nie nodig geag om een of ander kant toe - òf ten gunste van die appellant òf teen die appellant - 'n vaste gevolgtrekking te bereik nie. Hierdie belangrike vraag is op 'n onbevredigende wyse oopgelaat. Wanneer hierdie hof hom tot dieselfde vraag wend is van kardinale belang die feit dat appellant se enigste vorige veroordeling met verkragting of gelyksoortige misdade geen verband hou nie. In Junie 1987 is die

appellant.....

appellant weens huisbraak en diefstal 'n vonnis van ses maande gevangenisstraf opgelê. Daar kan dus nie as beduidende moontlikheid aanvaar word dat die appellant na afloop van 'n lang termyn van gevangenisstraf weer eens verkragting sal pleeg nie. In gevalle soos dië is die hervormingsmoontlikheid vanselfsprekend nie die enigste faktor wat in aanmerking kom nie, maar dit moet altyd as 'n belangrike faktor aangemerkt word. Na hierdie faktor het die verhoorregter by vonnis-oorweging 'n terloopse verwysing gemaak sonder dat hy dit òf vir òf teen die appellant in die weegskaal geplaas het. Na my oordeel het hierdie versuim in die onderhawige geval 'n onredelike en onbehoorlike uitoefening van die verhoorregter se strafdiskresie tot gevolg gehad. Met inagneming van al die omstandighede van die geval tref gevangenisstraf van vyftien jaar my as 'n gepaste straf.

Die.....

Die appél teen die skuldigbevinding aan strafbare manslag en die vonnis van 10 jaar gevangenisstraf ten opsigte daarvan opgelê, word afgewys. Die appél teen die doodvonnis weens verkragting slaag. Die doodvonnis wat opgelê is, word tersyde gestel en deur h vonnis van 15 jaar gevangenisstraf vervang. Gemelde twee vonnisse sal gelyktydig uitgedien word.

G G HOEXTER, AR

BOTHA, AR)
EKSTEEN, AR) Stem saam